Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

4 Augustus 2023 Uitgawe: 3/3/2023

# UIT DIE KANTOOR

**Akademie:**
1 Augustus was oueraand. Baie dankie aan al die ouers wat afsprake gemaak het om onderwysers te kom sien rakende u kind se akademiese vordering. Ons is nou halfpad deur die jaar se werk en daar is nog ruim tyd vir verbetering. Indien u nie 'n afspraak kon kry nie, is u meer as welkom om die betrokke klas-/vakonderwyser te kontak vir 'n afspraak.

Ouers van kinders in Gr. 4-7 moet kennis neem dat daar hierdie kwartaal slegs 1 toetsweek sal wees vanweë die skoolkonsert wat in September plaasvind. Om die leerders se punte aan te vul soos voorgeskryf, word daar hierdie kwartaal baie gefokus op deurlopende assessering wat opdragte en take met sperdatums insluit. Ouers moet dus seker maak dat kinders hierdie opdragte en verpligtinge nakom, anders gaan dit 'n negatiewe uitwerking op hierdie kwartaal se punte hê. Leerders moet ook die vaardigheid aanleer om tyd te bestuur en vroegtydig hierdie take te voltooi en nie te wag tot die dag voor die inhandigingsdatum nie.

Baie geluk aan al die leerders wat gedurende die 2de kwartaal goed akademies presteer het. Sien asb. die Top 10 akademiese presteerders van Kwartaal 2 in elke graad aangeheg vandag.

**Netbal:**
Ek glo die hele land is trots op ons Nasionale Senior Netbalspan wat 'n uitstekende vertoning teen Nieu-Seeland opgelewer het. Dit is voorwaar 'n aansporing vir elke jong netbalspeelster in ons land. Ek hoop en vertrou dit sal ook ons o/13A-netbalspan aanspoor om "NET HUL BESTE" te gee vir die komende week se SA Netbalkampioenskappe wat in Boksburg plaasvind. Hierdie dogters het as span 2de geëindig in die Vrystaat en gaan ons dus op die SA Kamioenskappe verteenwoordig. Dit is die 3de keer in vyf jaar (ingereken die 2 Covid-jare toe daar geen netbal was nie) dat Tjokkies hierdie prestasie behaal. Ons wens hulle alle voorspoed toe.


**Verkeer:**
Ouers, net weer 'n vriendelike versoek dat u geduld aan die dag sal lê wanneer dit kom by verkeer by die skool. Moet asb. nie in die geel geverfde areas parkeer nie. Moet ook nie tydens oggend-verkeer by die hoofhek in Ross-straat regs draai nadat u kind afgelaai is nie. Draai asb. links. Die kegels wat uitgeplaas word, is juis daar om voertuie te lei. Persone wat dit ignoreer belemmer die verkeersvloei. Die sekuriteitswagte is deur Invicta aangestel om toegangsbeheer toe te pas en nie om verkeer te reguleer nie. Dit is nie deel van hul verantwoordelikhede nie.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 4 Aug: | Kooraand (Geloofsentrum) |
| | Leerderraaduitstappie |
| | Gr. R Sportdag |
| 5 Aug.: | St Michaels Hokkie Festival (slegs sekere ouderdomsgroepe) |
| 7 Aug.: | Hokkieliga vs WP |
| | Tennis Dogters: PBS vs Tjokkies by PBS |
| | Tennis Seuns 1: Tjokkies vs OMS by OMS |
| 8 Aug.: | GSF Redenaars |
| 8-10 Aug.: | SA Netbal (Boksburg) |
| 9 Aug.: | Vrouedag (Vakansiedag) |

# VERJAARSDAE

Geen



# ANDER

Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat die skool vanaf 1 Augustus oorgeskakel het na 'n splinternuwe webblad. Gaan loer asb. op www.tjokkies.co.za na hierdie nuwe "*gebruikersvriendelike*" en kleurvolle blad. Ek nooi ouers uit om met me. Suzane Wille kontak te maak vir enige terugvoer en indien u dalk 'n foutjie opmerk sodat ons dit so spoedig moontlik kan regstel. U insette sal waardeer word.

# AKADEMIE

**Baie geluk aan ons top 10 presteerders van elke graad!**

**Graad 4**

Lia J v Rensburg

Andries Auret

Nelinke Verreyne

SJ Kruger

Christo de Lange

Li-Zé Pieterse

Liam Pienaar

Lienke Crowther

Karli Richter

CP Wolhuter

**Graad 5**

Liana van Niekerk

Nathan Nel

Marizé Opperman

Cailyn de Kock

Luan Landman

Calem du Toit

Anika Malan

Cayla Rossouw

Cobus de Witt

Handré Herholdt

Jadon Jordaan

André Vos

**Graad 6**

Velé Langenhoven

Andries Strauss

Marla Kruger

Elzé Myburgh

Tehila de Bruyn

Chy-Anne Muller

Dale du Plessis

Jay le Roux

Carla van Niekerk

Llewellyn Venter

**Graad 7**

Nicole van Schalkwyk

Huibré Goosen

Liza Geyer

Larezé Hattingh

Leanke Landman

Eckhard Meyer

Tristan Aucamp

Luniel Labuschagne

Mia Pienaar

Lydia van Rooyen

# KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

Hierdie oulike sakkies (R65) en bekers (R75) is beskikbaar soos uitgestuur op die Karri-uitnodiging. Navrae kan aan kaalvoetkafee@tjokkies.co.za of via whatsapp 082 612 7756 gerig word. Daar sal ook later geleentheid wees om dit direk by die Kaalvoetkafee aan te skaf, maar dan teen R70 en R80 onderskeidelik.

Die besteldatum is eerskomende Sondag. Wikkel dus en kry joune teen die afslagprys!





Op versoek van die Kaalvoetkafee se personeel gee ons graag terugvoer oor die komiese en humoristiese taalgebruik van veral ons junior leerders wanneer hulle hul aankope kom doen.

*"Tannie, ek en pappa was die naweek in 'n ander land. Hier is vandag se geldjie van 'n ander land vir vandag se snoepie"* – Dit is nou die nuwe geldnote wat onlang uitgereik is.

**Kinders se beskrywings vir standaard produkte:**

**SIMBA CHIPS** = *"Leeutjie tjips"*

**ROOM DONUT**= *"Hotdog donut"*

**SOKONUT** = *"Tjoklit Pritt"*

**SLUSHIE** = *"Slurpie"*

**JAFFLE** = *"Boepens broodjie"*

**BILTONGWIELE** = *"ronde plat droëworsies"*

**TWISTER** = *"Sweet Chilli Chicken wrap"*

*"Tannie, julle winkel voel vir my soos die BESTE IN DIE HELE VRYSTAAT"*

# TENNIS

Leerders in graad 3 tot 5 wat reeds toernooie speel en dalk by ‘n buite-afrigter tennis het, moet asb. vir mev. Leonie Corbett (082 823 3331) of Sherwin van Jaarsveld (073 623 4865) kontak voor 11 Augustus 2023 deur ‘n whatsapp-boodskap te stuur.

# #TJOKKIESHOP


**Tye vir volgende week is as volg:**

Dinsdag, 8 Augustus: 12h30 – 14h00

Vrydag,11 Augustus: 12h30 – 14h00





## SNUFFELS

**Kom ondersteun gerus NG Kerk Langenhovenpark se kermis op die kerkterrein in Boerneefstraat, Langenhovenpark.**




**Gesoek:**

Op soek na 'n betroubare persoon as kinderoppasser vir 'n tweeling van 9 maande. Moet ervaring met kinders hê. Kennis van noodhulp sal 'n aanbeveling wees. Indien iemand belangstel of weet van iemand, kontak asb.: 072 843 0283.




**Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre**
Visit us at 89 Oliver Tambo Street, Bloemfontein / Call us on (051) 448-3571

**Service Centre Manager:** Leonard Grimsdell (079 104 5994 / leonard.grimsdell@autopedigree.co.za)
**Service Advisor:** Ruan Rossouw (066 245 6640 / ruan.rossouw@autopedigree.co.za)
**Trading Hours:** Monday to Friday (7am - 5pm), Saturday (8am - 12pm)

T&Cs Apply on Specials and Promotions

miwa
Proud Association of RMI

AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE

